

6 Mei

Skrifgedeelte: Matteus 13:44-52

Fokusgedeelte: Matteus 13:44

Skielik skatryk

Is jy ryk? Die vraag is nie: Hoeveel geld en besittings het jy? nie, maar: Is jy werklik ryk – skatryk? Ware rykdom is om aan die koninkryk van God deel te hê. Dit beteken: Jy behoort aan Hom; jy erken en dien Hom as jou Koning; jy is deel van sy huisgesin; jy is sy kind. Dit maak jou ryk – skatryk!

Jesus vertel van 'n man wat 'n stuk grond huur en besig is om dit te bewerk. Terwyl hy die grond ompit, ontdek hy 'n skat. So in die normale verloop van sy daaglikse werk, kom hy onverwags op die skat af. Toe tree hy dadelik op. Hy verkoop alles en koop daardie stuk grond. Hy wil dit op regmatige manier bekom.

Só kan 'n mens onverwags, te midde van jou daaglikse werk, op die skatkis van God se koninkryk afkom. Wat is dan in hierdie skatkis? Daarin is die blye erkenning van God se heerskappy oor jou hart en lewe. Die besef dat Hy jou Koning is wat jou hele lewe beheer. Selfs nie 'n haar sal van jou kop uitval sonder sy wil nie. In die skatkis is verlossing uit die mag van die sonde! Jy is nie meer slaaf van die sonde wat magteloos na die ewige dood aangesleep word nie. Jy kan nou teen elke sonde stry en deur die krag en genade van die Heilige Gees kan jy dit oorwin! In die skatkis van die koninkryk is daar vrede met God en ewige lewe! Christus het vir jou plek gemaak in die Vaderhuis. Jy sal daar tuis kom! In die skatkis is die genade dat jy soos goeie saad van Christus tot sy eer in hierdie wêreld kan groei en vrug dra!

Die man in die gelykenis het die grond gekoop om ook regmatig eienaar van die skatkis te word. Dit beteken nie dat jy vir jou 'n plek in God se koninkryk kan koop nie. Die plek in die Vaderhuis is reeds uitverkoop! Jesus het alles gekoop en Hy deel dit as geskenk uit. Daar is net een manier waarop jy regmatig deel verkry aan hierdie geskenk, naamlik deur geloof in Jesus Christus as jou enigste Verlosser en Saligmaker!

Is die feit dat jy deur die geloof deel het aan die koninkryk van God vir jou só kosbaar dat jy bereid is om alles met vreugde ter wille daarvan prys te gee?

Sing: Psalm 102:8, 9 (Totius)

Ds. AP Krüger (Welkom)